

Dr Willem A. Schultheiss

“Wat is die verskil tussen ‘n dooie (geïnaktiveerde) chlamydia entstof en Cevac® Chlamydia, ‘n lewende entstof?”

Maatstaf	Geïaktiveerde entstof (olie basis)	Cevac® Chlamydia lewende entstof
Help met voorkoming van uitskeiding van <i>Chlamydomphila abortus</i> organisme:	Nee	Ja
Frekwensie van toediening:	Eerste enting opgevolg deur ‘n skraagdosis. Moet jaarliks herhaal word	Net een enting elke tweede jaar, nie korter as 4 weke voor aanvang van teling nie
Voorkoming van aborsies	Ja.	Ja, baie doeltreffend
Hoofsaaklike immuun respons verwek met enting:	Humeraal d.m.v. teenliggame, wat nie intra-sellulêre stadium van <i>Chlamydomphila</i> aanspreek nie en dus nie uitskeiding beperk nie	Sellulêre immuun respons, wat effektief is teen die intra-sellulêre stadia van <i>Chlamydomphila</i> : Help om uitskeiding te beperk
Spoed van werking na toediening aan naïewe ooie:	Neem 4-8 weke vir beskermd teenliggame om te vorm	Onmiddellike sellulêre immuniteit
Wanneer om te gebruik vir die beste waarde toevoeging:	Tydens uitbreke van aborsies aan alle dragtige ooie wat die risiko loop om te aborteer. Veilig in dragtige ooie. Tetrasiklien antibiotika kan gelyktydig gebruik word	Pro-aktief: Roetiene aan alle vervangingsooitjies vanaf 5-6 maande ouderdom en daarna elke tweede jaar - nie korter as 4 weke voor paring nie. Moenie tydens ‘n aborsie uitbreek gebruik nie of gelyktydig met tetrasikliene nie.

“My veearts sê ek mors my geld om daarteen te ent want hy het nog nooit die organisme gediagnoseer nie. Kan dit waar wees?”

Dit is baie belangrik om die regte, vars monsters aan die regte ondersoek bloot te stel. Indien dit nie die geval is nie kan vals negatiewe resultate gekry word en word die siekte nooit gediagnoseer nie. Dan dink ons verkeerdlik die siekte bestaan nie. Daar is voldoende bewys dat die gevalle van positiewe smere van die vrugknoppe van plasentas van ooie wat geaborteer het en omstandigheidsgetuie dat die gebruik van ‘n lewende entstof in ‘n kudde die insidens van lammerverliese betekenisvol verminder.

“As ek sien aborsies begin, spuit ek die trop met ‘n tetrasiklien antibiotikum en dit stop dan. Is dit dan nie voldoende beheer nie?”

Hierdie waarneming is al genoeg bewys dat die oorsaak waarskynlik Ensoötiese Aborsie is. Die *Chlamydomphila* organisme is baie sensitief vir tetrasikliene wanneer dit buite die liggaamselle is, maar as dit eers in die sel ingedring het, kan die antibiotika dit nie bykom nie. Dit is hoekom skape permanente draers is van die siekte. Behandelingkursus met tetrasikliene (bv. Tenaline®LA,) is bloot ‘n noodmaatreël om die aborsies te beperk maar sal nie die draers genees nie. **Die draers in ‘n kudde is die voortdurende bron van besmetting.**

“My skape het nie Ensoötiese Aborsie nie. Dus het ek nie nodig om te ent daarteen nie”

As ‘n mens nie eksplisiet aborsies waarneem nie – veral in baie ekstensiewe gebiede, beteken dit nie dat voorgeboortelike lammerverliese nie plaasgevind het nie. Dragtigheidsdiagnose tussen 40 en 100 dae van dragtigheid is noodsaaklik om dit te vergelyk met die uiteindelijke werklike lammers gebore. As ‘n kudde glad nie geënt is nie, is die populasie vatbaar en kan Ensoötiese aborsie wat deur ‘n draer ram of ooi ingebring word, of deur nageboortes wat deur roofdiere of -voëls ingebring word geleidelik toeneem in ‘n kudde. Springbokke kan ‘n *Chlamydomphila* reservoir wees. Dus behoort die jong vervangingsooitjies vanaf 5-6 maande ouderdom of ruim 4 weke voor eerste teling met die lewende entstof Cevac® Chlamydia ingeënt word.

“Hulle sê ‘n mens kan nie ‘n lewende entstof gebruik as die ramme dwarsdeur die jaar by die ooie loop nie. Is dit waar?”

Nie noodwendig nie. Dit is heeltemal moontlik om byvoorbeeld by speen, voordat die vervangingsooitjies dragtig raak in ekstensiewe areas, elkeen met Cevac® Chlamydia eenmalig in te ent. Entings later in die lewe wanneer ooie reeds dragtig is sal wel aborsies tot gevolg hê. Enting binne 2 weke na lam is nie altyd prakties nie en ook te gou omdat die ooi se immuunsisteem nog nie volledig na die lamproses herstel het nie.

“As ‘n ooi geaborteer het a.g.v. verdagte Ensoötiese Aborsie en sy ontvang daarna ‘n kursus tetrasiklien antibiotika, kan sy behou word in die kudde?”

Verkieslik nie, want as die oorsaak *Chlamydomphila abortus* was, sal sy hierna ‘n permanente draer wees wat behandeling met tetrasikliene nie kan ophef nie. Sy sal die organisme vir so lank as die volgende 2 jaar in vaginale uitskeidings en mis uitskei en so ‘n bron wees vir besmetting wat tot deurlopende aborsies sal lei.

“Hoe is dit moontlik om ooie in ‘n intensiewe teelsisteem, bv. elke 8 maande met nog ‘n lewende entstof in te spuit?”

Met dratyd van ‘n ooi van 5 maande en die teel en lamperiodes van 34 dae, is die geleentheid vir enting met lewende entstowwe 2 maande na die einde van die lamseisoen, voordat die volgende teelseisoen begin. ‘n Mens behoort verkieslik nie korter as 2 weke na lamtyd te ent nie (ooi se immuunsisteem herstel nog van lam stress). Laasgenoemde stelling is om die moontlike negatiewe energie balans, wat veral voorkom in ooie wat aan tweelinggeboorte geskenk het en nie voldoende voeding ontvang het, te ondervang. Cevac® Chlamydia behoort nie korter as 4 weke voor aanvang van paring toegedien te word nie. Dit laat ruim 2 weke tyd om lewende entstowwe toe te dien. Daar is tans geen bewys dat die toediening van 2 of meer lewende entstowwe aan gesonde skape gelyktydig (op verskillende inspuitlekke, ten minste 10cm uitmekaar, maar nie in dieselfde spuit nie) bv. Slenkdalkoors en een van die Bloutong fraksies - enigsins nadelig vir die nie-dragtige skaap of die ontwikkeling van immuniteit teen elkeen van die toegediende antigene kan wees nie. Omdat daar 3 vensters van geleentheid is in 2 jare, en Cevac® Chlamydia net elke tweede jaar ingespuut moet word, is dit haalbaar om een van die bloutong fraksies en slenkalkoors tydens die oorblywende 2 vensters toe te dien.

Samevatting

Gegewe die gevaar wat Ensoötiese aborsie inhou vir menslike gesondheid en die potensiële erosie op kudde winsgewendheid, is dit noodsaaklik dat elke vervangingsooi minstens op 5-6 maande ouderdom en elke tweede jaar daarna weer met Cevac® Chlamydia ingeënt word. Ooie wat hulle lammers verloor en verkieslik uitgeskot moet word, sal bydra tot die kontantvloei van die onderneming.

Dr Willem Schultheiss, Business unit manager, Ruminants, Ceva animal health. www.ceva.com. Verwysings beskikbaar van outeur. 072 637 7175, 011 545 8963, willem.schultheiss@ceva.com